# 1. ORIëNTERING

## 1.1 DOELSTELLING

Mense kom en gaan en in die proses van dood en geboorte, van veroudering en vernuwing, gaan die kennis van die verlede verlore. In die Vryheidse distrik is daar maar nog 'n handjievol senior burgers oor wat enigsins kennis dra van die ryke verlede van hierdie distrik. Hierdie studie is gevolglik 'n poging om, meer spesifiek vir sover dit die onderwysontwikkeling in die distrik aanbetref, die geskiedenis van hierdie ontwikkeling te orden en vas te lê.

Onderwysontwikkeling in die Vryheidse distrik is as stu= dieveld gekies, enersyds vanweë die historiese waarde van die gebied maar ook andersyds vanweë die interessant= heid en kompleksiteit van die ontwikkeling op onderwysge= bied aldaar. Nie minder nie as vier verskillende beleids= rigtings het die onderwysontwikkeling in dié gebied be= invloed. Derhalwe is gepoog om vas te stel in watter mate vergestaltende faktore soos onderwyswetgewing, nasio= nale, godsdienstige, maatskaplike, politieke en ekono= miese faktore vormend op die onderwysontwikkeling van die Vryheidse distrik ingewerk het ten opsigte van opvoe= dingsvraagstukke soos onderwysbeheer, oprigting van skole, voorsiening van skoolbenodigdhede, personeelvoorsiening, skoolbesoek en leerlingtal.

## 1.2 TERREIN VAN ONDERSOEK

Die veld wat ondersoek is val binne die terrein van die Besondere Historiese Opvoedkunde. Betreffende die ontwik=

keling van die onderwys dek die studie die periode vanaf 1884 tot 1975. Besondere onderwysvraagstukke wat geduren= de hierdie periode in die Vryheidse distrik voorgekom het, word uitgelig teen die breër agtergrond van opvoed= kundige denke gedurende hierdie tydperk.

## 1.3 METODE VAN ONDERSOEK EN PROBLEME WAT ONDERVIND IS

Die metode wat deurgaans aangewend is, is die historiese metode. Vir die opspoor en versameling van data is hoof= saaklik van gepubliseerde en ongepubliseerde bronne ge= bruik gemaak, naamlik onderwyswette, korrespondensie= stukke, notules, inspeksieverslae en jaarverslae van die Superintendente van Onderwys. Sekondêre bronne is ook gebruik om die geskiedenis van die Vryheidse distrik sinvol te konstrueer. Daar is gepoog om die onderwysont= wikkeling van die Vryheidse distrik sinvol en objektief te beskryf soos dit binne die raamwerk van die Transvaal= se, Natalse en Suid-Afrikaanse onderwysontwikkeling ont= plooi het.

Die grootste enkele probleem wat ondervind is, is die verspreiding van data. Afgesien van enkele bronne in die Vryheidse argief en distrik, soos logboeke van be= staande skole in die distrik, is die meeste bronne vir die periode 1888 tot 1899 gevind in die staatsargief Pretoria. Vir die periode vanaf 1903 is die meeste bron= ne gevind in die onderwysargief Natalia, Pietermaritz= burg.

In baie gevalle was geen of baie min inligting bekombaar oor die geskiedenis van skole in die Vryheidse distrik vir die periode voor 1910. 'n Verdere probleem wat onder= vind is was dat baie korrespondensiestukke onleesbaar

. . .

was as gevolg van 'n swak gehalte papier en ink wat ge= bruik is. Daarby was baie stukke ongedateerd en kon soms nie uitgemaak word wie die outeur is of aan wie dit geaddresseer was nie. Logboeke van baie skole in die Vryheidse distrik vir die periode 1910 tot 1940 was onopspoorbaar of slegs ten dele beskikbaar.

## 1.4 ORDENING

In hoofstuk 2 is gepoog om 'n beknopte beskrywing te gee van die algemene ontwikkeling van die Vryheidse distrik vanaf die vyftiende eeu tot 1975. Hierdie hoofstuk word as belangrik geag omdat onderwysontwikkeling gefundeer is in die politieke, godsdienstige, maatskaplike en eko= nomiese ontwikkeling van 'n gemeenskap.

Hoofstuk 3 handel oor die onderwysontwikkeling in die Nieuwe Republiek vir die periode 1884 tot 1888. Hoof= stuk 4 handel oor die onderwysontwikkeling in die Vry= heidse distrik gedurende die tydperk 1888 tot 1902. Dit verteenwoordig die tydperk waartydens die Nieuwe Republiek by die Z.A.R. ingelyf was en bekend was as die distrik Vryheid. Onderwysontwikkeling word dan ook in hierdie hoofstuk teen die breër agtergrond van onder= wysontwikkeling binne die Zuid-Afrikaanse Republiek be= skryf.

Hoofstuk 5 handel oor die tydperk na die Anglo-Boere-oorlog tot met Uniewording in 1910. Gedurende hierdie tydperk was die distrik Vryheid ingelyf by die kolonie Natal. Onderwysontwikkeling in die Vryheidse distrik gedurende die jare 1903 tot 1910 is dan ook beskryf teen die agtergrond van onderwysontwikkeling in die kolonie Natal.

Hoofstuk 6 handel oor die algemene onderwysontwikkeling in Natal gedurende die tydperk 1910 tot 1975. Hierin word probeer om die ontplooiing van die onderwys in Na= tal te beskryf teen die breër agtergrond van provinsia= le, Uniale en Republikeinse onderwyswetgewing.

In hoofstuk 7 word die geskiedenis van primêre skole in die Vryheidse distrik weergegee terwyl in hoofstuk 8 ŉ kort geskiedenis van die Hoërskool Vryheid weerge= gee word.

-ooOoo-